Goeiedag Transvaal,

Die son het opgekom, die haan het gekraai en die hen het haar eerste eier gelê... **Voriesaamtrek 2021** is uitgebroei en groei fluks!

As jy die groot nuus gemis het - Voriesaamtrek 2021 is volgende jaar, oudergewoonte op Hartbeesfontein, vanaf **22 tot 24 Januarie 2021.** Soos met die vorige aankondiging gesê: “Maak ‘n knoop in jou oor, plak die datum op jou yskas, skryf dit met lipstiffie op jou spieël of skryf dit op jou hand, in jou dagboek, enige plek, **maar** maak net ‘n plan om dit nie te vergeet nie!” Moet ook nie ‘n eierdans probeer doen nie, jou ommelet mag dalk net op die vloer val en dan vergeet jy heeltemal van die kamp.

Voriesaamtrek 2021 word beplan met die huidige covid-19 inperking regulasies van toepassing. Dit het veral ‘n invloed op die beperking van ons getalle en gebruik van lesingkamers en slaaplokale. Alhoewel ons almal so ver moontlik sal akkommodeer, gaan daar beperkings geplaas word op die getal inskrywings per kursus en slaaplokale. Ons gaan streng werk op ‘n *‘eerste kom, eerste maal’* basis.

Toerustingkursusse. Die volgende toerustingskursusse word aangebied:

- Spanhantering PD
- Spanhantering Verkenners
- Voortrekkerbestuur
- Praktiese Spanhantering

Verrykingskursusse. As jy dink jy het nou al alles gedoen, pak gerus een van die volgende verrykingskursusse aan:

- Fotografie – wat is die verskil tussen ‘n goeie foto en **jou foto.**
- Voëlidentifisering met ‘n baie interessante uitkoms – ‘n **Voëlgids vir Hartbeesfontein!**
- Kommunikasie – hierna sal jy weet wat die kind in jou span se **gevoude arms beteken** of dalk **jou eie.**
- Makkerhulp – hoe moet my kombuis op ‘n kamp lyk, hoe bepaal ek die **graad van die besering van ‘n kind op my spankamp/spanbyeenkoms/kommandokamp/staptoer,** hoe belangrik is kamp en kombuishigiëne, belangrikheid van skoon water, hoe moet my noodhulp tas lyk?
- Godsdiens in Voortrekkerpraktyk – Wat beteken Godsdiens in my eie lewe en hoe pas ek dit toe in my span? Hoe leef ek en bevorder ek **C in die ABC!**
- SAS en Adminwerkswinkel – as jy nie geweet het nie, **nou is jou kans om te leer!**

Rondomtalie. Net om die eentonigheid te breek, het ons ‘n wegbreek rondomtalie waar ons saam wil gesels oor die dinge wat ons raak:

- Risikobestuur en kampveiligheid (in ‘n neutedop!) – **Help**, wat moet ek doen om risiko’s te beperk? **Ek is bang ek maak ‘n fout!**
- Welstand – **covid het my uitgeput**, hoe nou?
- Covid dryf my na **digitaal** – Wat nou?/Hoe?/Slaggate?/Ek is skermvoos?

- Seremonies –Ek het twee linkervoete en weet nie veel van seremonies af nie. **Help! Wat doen ek?**
- Ek, my Voortrekkerbaadjie, my Span en my Kommando – Wat beteken my kentekens op my baadjie vir my en vir ander? **Kan ek 'n goeie Voortrekkeroffisier wees sonder baie kentekens?**

Voriesaamtrek 2021 is 'n hele nes vol eiers wat uitgebroei moet word. Kom soek jou eier en broei hom uit. Groei in jou Voortrekkerloopbaan en ploeg terug in jou span, kommando, gesin en gemeenskap. Kom ons gaan **vorentoe en omhels die toekoms! Jy is die sleutel wat die toekoms ontsluit.**

Kampkostes

Volwassenes	R350,00
Kinders (PD's en jonger)	R260,00

Betaling van kampgelde
Kommandos moet asseblief 'n gekonsolideerde bywoningslys na Transvaal Voortrekkers aanstuur en alle kampgelde moet deur die kommmado inbetaal word.

Bankbesonderhede:

Die Voortrekkers Transvaal, Standard Bank (Hatfield)
Rek No: 016658655
Verwysing: **Kommandonaam en Voriesaamtrek 2021**

Kommandos wat voor 15 Desember betaal, sal toegelaat word om een kampganger gratis te laat kamp.

Sluitingsdatum vir kampaansoeke en betaling is 13 Januarie 2021. Waar daar kansellasies na hierdie datum is, sal die **fooi vir die spyseniering nog steeds gehef word.**

Neem asseblief kennis: Vir elke kampganger moet daar 'n aparte inskrywingsvorm voltooi word. Ouers is verantwoordelik vir voltooiing van hul kinders se vorms.

Die skakel vir die inskrywingsvorm is:

inskrywings.voortrekkers.co.za

Bring vir ons 'n laggende eier. Sien julle by Voriesaamtrek 2021.

Kontak gerus een van die volgende persone vir verdere navrae:

Kampleier - KL Gerhard Gericke (083 270 1630 / suiderligvories@gmail.com)

Volwasse Sake - Dirk van der Berg (082 418 9467 / dirk@helpendehand.co.za)

Voriesaamtrek Groete

Gerhard Gericke
Kampleier